

DIE TYD IS NOU

Uitkomst

1. Besef dat God nie boekhou van wat jy verkeerd gedoen het nie.
2. Leer dat Jesus se kruisdood maak dat ek en jy elke dag van vooraf kan begin.
3. Hierdie van vooraf begin, geld ook ten opsigte van seer in my lewe.

Raamwerk (40 min)

Aktiwiteit 1: My naam is Kimberley se 'n Humoristiese gesprek om die tema in te lei.

Aktiwiteit 2: Ek het iets dieper as 'n Kimberley.... Tieners dink aan 'n groot seer/sonde in hul lewe en deel dit vrywilliglik met die groep.

Aktiwiteit 3: God se datum is altyd VANDAG. Groepsgesprek oor twee Skrifgedeeltes wat God se belofte van vernuwing verkondig.

Aktiwiteit 4: Afsluiting. 'n Ritueel waarin simbolies van die seer/sonde afstand gedoen word.

Hulpmiddels

1. 'n Aktiwiteitsblad per groeplid.
2. 'n Skoon vel papier per groeplid.

Vir die groeppasiliteerder

Grootgroep/kleingroep

My naam is Kimberley se ... (05 min)

Ysbreker om die gesprek aan die gang te kry en die tema in te lei.


1. Het jy al jou naam met 'n plank geslaan? Jy weet mos daai blonde oomblik!! Daai embarrassing ding wat jy liewer sou wou vergeet, soos jy wens jy kon die horlosie terugdraai en oor begin...
2. Laat elkeen in die kleingroep so 'n geleentheid deel. (Net hooftrekke en die punch line)

Ek het iets dieper as 'n Kimberley... ⌚ (05 min)

Erken 'n seer of sonde wat pla.

Die seer van die lewe of sonde wat jy al deurgemaak het, het egter niks met Kimberley se ..., soos in blondwees te doen nie.

1. Dis maklik om oor ons Kimberley oomblikke te praat, want mens kan darem mos vir jousef lag, veral as dit nou al lankal verby is!
2. Op die aktiwiteitsblad is skryfplek, waar elkeen (in geheime taal as jy wil) nou 'n geleentheid kan neerskryf waar hy/sy groot seer ervaar het of 'n sonde wat hy/sy gedoen het – iets waaraan hy/sy nie herinner wil word nie, maar wat uitstaan in die geheue.
3. Gee kans dat 1 persoon so 'n ervaring vrywillig met die groep deel. (Moenie druk plaas nie en moenie die saak bespreek nie – luister net)



God se datum is altyd **VANDAG** ⌚ (10 min)

Uit die Bybel.

1. Lees die volgende gedeeltes:
 - 1.1 2 Kor 5:17-18 (lees ook uit die Reach4Life Bybel)
 - 1.2 Hebr 4:7 “God keeps renewing the promise and set the date as today...” (The Message)
2. Jy het nou-nou weer aan iets gedink wat jou diep, soos in dieeep raak. In watter mate hou dit jou terug om elke dag van vooraf te begin en voluit vir Jesus te lewe?
(Gee die groep geleentheid om hul gedagtes vrylik te wissel. Die waarheid is dat seer/sonde van die verlede struikelblokke, soos ankers wat jou vashou, word wat jou verhoed om voluit te kan lewe).
3. Wat sê Paulus van hierdie dieeep seer?
(God vee dit uit, soos *delete* ook uit die *recycle bin* uit, en maak elke dag 'n nuwe dag)

4. Waarom speel kurkproppe se ouers se egskeiding, hul weglating uit die eerste span, hul diefstal of leuens, gross sonde van graad 6...of whadever, nie 'n rol in wat hul vir die koninkryk van die Here kan doen en beteken nie?
(Mense met geestelike veerkrag, wat terug bons soos 'n kurkprop uit die water uit, laat nie toe dat seer/sonde 'n langtermyn invloed op hul lewe het nie).

Afsluiting ⌚ (20 min)

Die oue is verby, die nuwe het gekom.

1. Moedig almal wat wil aan om 'n streep te trek deur wat hul by die seer/sonde-aktiwiteit neergeskryf het en dit te kom verbrand (steek die papiere aan die brand in 'n groot drom, maar moet tog net nie die plek afbrand nie, die VCSV gaan nie daarvoor instaan nie!)
2. Skryf The Message se vertaling van Hebr 4:7 asook vandag se datum bo-aan die skoon bladsy wat jy kry. (Laat die groepleiers vir elkeen 'n skoon vel papier gee)
3. Hierdie skoon bladsy verteenwoordig God se belofte dat Hy alles nuut maak en dat sy datum altyd **VANDAG** is.
4. Skryf nou in een sin neer wat die belofte vir jou beteken.
5. Deel nou met mekaar wat hierdie skoon stuk papier met vandag se datum daarop van jou kurkprop-lewe vorentoe sê.

Aktiwiteitsblad

Ek het iets dieper as 'n Kimberley...

Dink 'n bietjie aan 'n stuk seer/sonde waarmee jy worstel en skryf dit hier neer (jy kan geheime skrif, wat net jy en Jesus verstaan, ook gebruik!)

God se datum is altyd **VANDAG**

Uit die Bybel.

1. Lees die volgende gedeeltes:
1.1 2 Kor 5:17-18 (lees ook uit die Reach4Life Bybel)
1.2 Hebr 4:7 "God keeps renewing the promise and set the date as today..." (The Message)
2. Jy het nou-nou weer aan iets gedink wat jou diep, soos dieeep raak. In watter mate hou dit jou terug om elke dag van vooraf te begin en voluit vir Jesus te lewe?
3. Wat sê Paulus van hierdie dieeep seer?
4. Waarom speel kurkproppe se ouers se egskeiding, hul weglating uit die eerste span, hul diefstal of leuens, gross sonde van graad 6...of whatever, nie 'n rol in wat hul vir die koninkryk van die Here kan doen en beteken nie?

